# Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za


2026-04-10

Geagte ouer / voog

**NUUSBRIEF 10**

Die nuwe skoolkwartaal is hier en ons is opgewonde oor al die beplande geleenthede vir ons leerders en personeel. Welkom aan die nuwe leerders wat by ons aangesluit het. Ons weet dat julle sommer vinnig sal aanpas en baie gelukkig by Laerskool Stulting gaan wees. Saam met hierdie nuusbrief voorsien ons u ook van die aangepaste jaarprogram.

**Ouer-onderwyservergaderings:** Baie dankie vir al ons ouers wat van die geleentheid gebruik gemaak het om gistermiddag/aand met die personeel te vergader ten opsigte van hul kinders se akademiese prestasies in kwartaal 1. Ek wil ouers daaraan herinner dat u enige tyd ‘n afspraak kan maak om ‘n onderwyser te raadpleeg en dat u nie vir ‘n formele onderwyser-oueraand hoef te wag nie.

**Buitemuurse rooster:** Aktiwiteite op die buitemuurse rooster neem op Maandag 13 April in aanvang. Maak asb. seker dat u kind/ers betyds vir aktiwiteite opdaag en die regte kleredrag dra.

AKADEMIE

**ATKV-Uitklopspel:** Hierdie jaar neem ons graad 6- en 7 Afrikaans Huistaal en -Eerste Addisionele Taal leerders deel aan die ATKV-Uitklopspel. Die spelkompetisie is daarop gefokus om graad 6- en 7 leerders se woodeskat en spelvermoë te verbeter. Die eerste uitdinne vind op 20 en 21 April tydens klastyd plaas. Leerders het reeds die spellyste ontvang. Meer inligting volg in volgende week.

# Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 ✉ 58 hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 HUMANSDORP admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za 6300 accounts@stulting.co.za

---

SPORT

**Riebeek Kasteel Sporttoer:** Ons o/13- rugby en o/12- en o/13- Netbalspanne het gedurende die skoolvakansie ‘n baie suksesvolle sporttoer na Riebeek Kasteel onderneem. Hierdie spanne het almal goed presteer en is nou gereed vir die besige sportprogram. Dankie aan die afrigters wat ons leerders vergesel het en voorberei het.

**Tennis:** Saskia van Loggerenberg het tydens die vakansie in Bloemfontein aan die Amex Super 8-toernooi deelgeneem. Sy eindig 13de in enkelspel en 5de in dubbelspel. By die Amex Junior Nasionale o/12-toernooi, het sy teen die elite top 64 spelers in die land meegeding en sluit die toernooi af deur 6de in enkelspel te eindig en 3de in dubbelspel. Welgedaan, Saskia!

**Fondsinsameling:** Onthou asb. dat die *“busboekies”* ingehandig moet word. Ons hou die trekking op Maandag 20 April. Dankie vir u samewerking.

Dankie vir u samewerking en begrip.

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF